**Die geloof van Abel, Henog en Noag**

**Heb 11:4-7**

**16 Oktober 2022**

1. Heb 11:1-3 – Funksionele rolle van geloof: (1) sekerheid oor ons hoop (2) bewys van wat ons nie sien nie (3) ontvang lof van God (4) verstaan wat ongelowiges nie verstaan nie
2. Heb 11:6
    a. Inhoud van die vers geld vir alle gelowiges
    b. Sonder geloof onmoontlik om God te behaag (vgl v2, Ef 2:8-10)
    c. God maak Homself steeds meer sigbaar, gelowiges sien dit in die geloof, dit oortuig hulle Hy bestaan en is aanbiddenswaardig, laat hulle goeie werke doen wat God voorberei het, dan behaag hulle God
    d. God beloon gelowiges (vgl v1a). Beloning is ten diepste om God te sien (in Allerheilgste van ware tabernakel)
    e. Geloof, goeie werke, lof van God en beloning is almal geskenke van God (geloof kan dus nie 'n manier wees waarop die beloning verdien word nie)
    f. Gelowiges moet (1) oortuig wees God bestaan (2) God behaag (3) verwagting van beloning hê
3. Geloof van Abel (Heb 11:4, Gen 4:3-6)
    a. Abel bring goeie offer: beter as Kain s'n, vet van eersgeborenes van kleinvee, bring dit in geloof, ontvang guns van God
    b. Kain bring ook offer: landbouprodukte (nie eerstelinge nie), het nie goed gedoen nie (nie in geloof nie), ontvang nie guns van God nie
    c. Abel was oortuig God bestaan, en het God behaag
    d. Beloning: Abel is geregverdig deur geloof – reeds in Gen 4! (vgl Rom 3:25-26)
        - Christus se geregtigheid was terugwerkend effektief vir Abel
    e. Abel praat steeds – as geloofsgetuie met ons in 2022, en ook as tipe van Christus
4. Geloof van Henog (Heb 11:5, Gen 5:21-23)
    a. Het naby God geleef, op ouderdom 365 jaar deur God weggeneem (nie gesterf nie)
    b. Henog was oortuig God het bestaan, en het God behaag
    c. Beloning: Het nie gesterf nie
        - Is dus gered van geestelike sowel as fisiese dood
5. Geloof van Noag (Heb 11:7, Gen 6:5-9
    a. Noag was regverdig, onberispelik, het naby God geleef, het ark gebou as getuienis aan bose wêreld
    b. Noag was oortuig God het bestaan, en het God behaag
    c. Beloning: (1) Hy en sy gesin is gered tydens die vloed (2) Hy is geregverdig
6. Opsommend:
    a. Kumulatiewe effek van geloof op ons lewens om God te behaag:
        - (1) Moet onsself offer (soos Abel, Rom 12:1) (2) Moet naby God leef (soos Henog, Rom 12:2) (3) Moet getuig (soos Noag, Mat 28:18-20)
    b. Kumulatiewe beloning:
        - (1) Regverdigmaking (2) Ontkom beide die geestelike en fisiese dood (vgl 1 Kor 15:51-55) (3) Bewaring in finale oordeel (Mat 25:21 en 34)
    c. Die beloning van geloof hou nie die volgende in nie:
        - Lang lewe op aarde, voorspoedige lewe op aarde, gemaklike lewe op aarde, dieselfde lewens vir almal